KOM ONS SPREEK RAS EN EKONOMIESE ONGELYKHEID AAN
BESPREKINGSGIDS OOR RAS EN EKONOMIESE ONGELYKHEID

"Mag die Here van Vrede self, ons nasie die vrede, genesing en versoening gee waarna ons smag. (cf. 2 Thess. 3.16)" (SAKBK Pastorale Brief oor rassisme).

INLEIDING

In die 2016 pastorale brief oor rassisme, het ons biskoppe ons uitgedaag tot 'n gesprek oor rassisme en rasseverdeeldheid. Hulle het geskryf: *"Ons benodig om ernstig 'n openhartige gesprek oor rassisme in al sy vorme te voer, sodat ons rassisme en die rasseverdeeldheid in ons land op die regte manier kan aanspreek" (SAKBK Pastorale brief oor rassisme).* Ons het hierdie gids saamgestel wat u in die parogie kan gebruik om 'n gesprek oor die verskillende kwessies rondom ras en ekonomiese ongelykheid aan die gang kan kry.

Die meedeling van stories lê in die kern van hierdie gesprekvoering. Daarom bevat hierdie boekie vrae wat die deel van ons verhale kan stimuleer. Vertellings is 'n belangrike stuk gereedskap waardeur transformasie in individue en die samelewing bereik kan word. Ons hoop dat u deur u stories met ander te deel u hart sal kan oopmaak om diegene wat van u verskil en anders is beter te begryp. Hierdeur sal 'n genesingsproses vir uself en u geliefdes ook aangehelp word.

Ses temas word in hierdie boekie gedek. U kan as parogie of parogiegroep kies om een of twee temas te doen. Ons moedig egter alle parogies en groepe aan om tema 5: Rassisme binne die Kerk, te doen. Ons beveel ook aan dat alle Katolieke skole en ACTS-takke tema 6: Rassisme in skole en universiteite as onderwerp te neem.

Graag wil ons die stories versamel en boekstaaf. Deur ons stories met mekaar te deel stuur ons 'n boodskap aan hulle in magsposisies dat almal wat die wonde dra van die sonde van rassisme en ongelykheid nie vergeet mag word nie. God het hulle en hul verhale beslis nie vergeet nie. Met hierdie boekie het ons 'n nuttige instrument om die regering uit te daag om meer omtrent rassisme en ongelykheid te doen. Daarom vra ons parogies en groepe in die parogie om maniere te vind om hul stories en besprekings na ons toe te stuur. U kan van die volgende kontakbesonderhede gebruik maak: Faks: 012 326 6218. E-posadres: tchepape@sacbc.org.za

U kan ook in u persoonlike kapasiteit die verhaal van u eie ervaringe neerskryf en na dieselfde adres stuur.

INTERPERSOONLIKE RASSISME EN SISTEMIESE RASSISME

Rassisme is die opvatting dat een groep (een spesifieke rassegroep, een etniese groep, 'n nasie) hoër en beter as ander is. Hierdie opvatting word deel van die denkwyse van sowel die groep wat hulleself as hoër en die groepe wat as laer beskou word. Rassisme is 'n sonde teen naasteliefde en daarom is dit afskuwelik vir God. Ons is almal kinders van dieselfde God wat ons geskep het. Daarom is ons almal gelyk in waardigheid voor God en voor mekaar.

Die opvatting dat een rassegroep hoër is as ander kom in verskillende vorms voor. Dit kan tot uiting kom in vooroordeel, stereotipes, rassistiese kommentaar en rassistiese optrede. Dit word interpersoonlike rassisme genoem. Ons behoort egter ook bedag te wees op bedekte rassisme of meer subtiele vorms van rassisme. Rassisme wat openlik is, kan maklik herken en veroordeel word, maar die sonde van rassisme is dikwels verdoesel en steek dan sy kop op meer subtiele wyses uit.

Gewoonlik verbind ons rassisme net met vooroordeel, stereotipes en rassistiese kommentaar. Tog kan die opvatting dat een groep kwansuis hoër is as ander neerslag vind in die sisteme wat ons in die samelewing gebruik om onderling met mekaar om te gaan: die opvoedkundige stelsel, gesondheidstelsel, grondbesit, kapitaalbesit, die regstelsel, maatskaplike veiligheid-stelsel, indiensneming ens. Waar 'n sekere groep as hoër beskou word gebeur dit dan dat daar voorregte en geleenthede in die sisteem ingebou word wat meer kanse bied aan so 'n groep om vooruitgang te maak. Dit lei tot ekonomiese ongelykheid. Apartheid is opgebou rondom die logika van ekonomiese ongelykhede.

In die 2016 Pastorale brief oor rassisme, het die biskoppe ons uitgedaag om sistemiese rassisme en die ongelykhede wat daarmee gepaardgaan aan te spreek. *"In hierdie derde dekade ná die verkryging van ons demokratiese vryheid en regte, moet ons erken dat daar 'n verband bestaan tussen ras, mag en voorreg. Dit is noodsaaklik dat die ekonomiese ongelykhede reggestel word wat as gevolg van die diskriminerende lasterwette en -praktyke van die verlede nog steeds in ons samelewing bestaan.*

Daarom dat ons, in die besprekingsgids, klem plaas op ekonomiese ongelykhede.

'n NASIE WAT DIEP VERDEELD STAAN OOR KWESSIES VAN GROND, REGSTELLENDE AKSIE EN KAPITAALBESIT.

Ons nasie het nie daarin geslaag om die drie apartheid erflatings van ekonomiese ongelykheid, geslag/rasse ongelykheid in die werkplek, ongelykheid in grondbesit en ongelykheid wat toegang tot gehalte onderwys en gehalte gesondheidsdienste betref, reg te stel nie.

Terselfdertyd is ons nasie op grond van ras erg gepolariseer ten opsigte van die regering se programme wat daarop gemik is om die drie ongelykhede aan te spreek: regstellende aksie (werkplek ongelykhede), grondhervormingsprogramme (ongelykhede wat grondbesit betref), *fees must fall*/nasionale gesondheidsversekering (ongelykhede wat opvoeding en gesondheid betref).

Ons benodig hartsverhale en diep gesprekvoering wat ons tot 'n nuwe visie kan inspireer en ons insig kan gee in die ongelykheidskwessies rondom grond, die werkplek, gesondheid en opvoeding.

Die bedoeling met dié besprekingsgids is om aan honderde gewone Suid-Afrikaners die geleentheid te bied om hul eie ervarings van en siening oor regstellende aksie, die grondhervormingsprogram, en die kwessies rondom gesondheid en opvoeding met ander te deel. Hierdie ervarings en sienings sal in boekvorm versamel word saam met ander materiaal en gebruik word met om gesaghebbendes in gesprek te tree sodat 'n nuwe siening rondom hierdie kwessies van ongelykheid ontwikkel kan word.

Ons dank u by voorbaat vir u tyd om aan hierdie belangrike proses deel te neem.

DEEL I: ERVARING VAN RAS, VOORREG EN ONGELYKHEID

TEMA 1: ONGELYKHEID IN GRONDBESIT

Deur van sommige of al die onderstaande vrae gebruik te maak, nooi ons u uit om u stories met ander te deel:

- Indien u gesin/familie die slagoffers was van die gedwonge verskuiwings, hoe het die gedwonge verskuiwings u familie geraak? Wil u graag dié storie met ander deel?
- Sou u graag u storie wil deel oor u ervaringe (beide positief en negatief) as mynwerker in die dae van apartheid?
- Wat is u ervaring van die plaasmoorde? Wat moet gedoen word om die probleem aan te spreek?
- Sou u graag u storie wil deel oor u ervaringe (beide positief en negatief) as plaaswerker gedurende apartheid? Het die leef- en werksomstandighede van plaaswerkers ná 1994 verander?
- Wat is u ervaringe van werksverlies en die aflegging van werkers op die plase? Hoe het dit u en u familie geraak? Sou u graag u storie wil deel oor hierdie ervaring?
- Wat is u ervaring van korrupsie as dit kom by die verkryging van grond?
- Wat verwag u moet die regering doen sodat daar gelykheid kan wees met betrekking tot grondbesit? Watter soort leierskap behoort ons van ons politici te vereis om hierdie 'n werklikheid te maak? Watter waardes moet ons van ons politieke leiers vereis as dit kom by die grondkwessie?

TEMA 2: ONGELYKHEID IN OPVOEDING EN GESONDHEIDSDIENSTE

Deur van sommige of al die onderstaande vrae gebruik te maak, nooi ons u uit om u stories met ander te deel:

- Wat was u ervaring van moeilikhede om toegang tot gesondheidsdienste te verkry gedurende die apartheidsjare? Het hierdie situasie al verander?
- Wat was u ervaring van die talle jongmense wat gedurende apartheid hul skoolopleiding laat staan het (primêre skool en hoërskool)? Het hierdie situasie al verander?
- Wat was u ervaring van moeilikhede om toegang tot universiteitsopleiding in die apartheidsjare te verkry? Het hierdie situasie al verander?
- Wat was u ervaring van ouers wat dit moeilik gevind het om die studiefooie (hoërskool/universiteite) gedurende apartheid te betaal? Het hierdie situasie al verander?
- Wat is u ervaring van korrupsie met betrekking tot toegang tot gesondheidsdienste en opvoeding?
- Wat verwag u moet die regering doen om te verseker dat daar gelyke kanse vir almal is om toegang tot opvoeding en gesondheidsdienste te verkry? Watter soort leierskap behoort ons van ons politici te vereis om hierdie 'n werklikheid te maak? Watter waardes moet ons van ons politieke leiers vereis as dit kom by die kwessie van opvoeding en gesondheidsdienste?

TEMA 3: ONGELYKHEID WAT TOEGANG TOT WERKGELEENTHEDE BETREF

Deur van sommige of al die onderstaande vrae gebruik te maak, nooi ons u uit om u stories met ander te deel:

- Het u en u familie gedurende apartheid moeilikhede ervaar om werk te kry? Het hierdie situasie al verander?
- Hoe het u en u familie werkafleggings gedurende apartheid ervaar? Het hierdie situasie al verander?
- Die regering het 'n program van regstellende aksie. Hoe het hierdie program u en familie geraak? Wat is u persoonlike ervaring van hierdie program?
- Wat is u ervaring van korrupsie as dit kom by toegang tot werkgeleenthede?
- Wat verwag u moet die regering doen om te verseker dat daar gelyke kanse vir almal is om toegang tot werkgeleenthede te kry? Watter soort leierskap behoort ons van ons politici te vereis om hierdie 'n werklikheid te maak? Watter waardes moet ons van ons politieke leiers vereis as dit kom by die kwessie van gelyke werkgeleenthede vir almal?

DEEL II: ERVARING VAN RASSISME IN DIE WERKPLEK, SKOOL EN KERK

TEMA 4: ERVARING VAN RASSISME IN DIE WERKPLEK EN BY DIE SKOOL

Deur van sommige of al die onderstaande vrae gebruik te maak, nooi ons u uit om u stories met ander te deel:

In u werkplek, wat is u persoonlike ervaring met betrekking tot die volgende:

- Rassevooroordeel
- Negatiewe stereotipering van mense wat aan 'n spesifieke rassegroep, etniese groep of nasionaliteit behoort.
- Rassistiese aanmerkings, rassistiese grappies, rassistiese kommentaar (openlik of bedek).
- Optrede teenoor mense wat as buitestaanders aan 'n spesifieke rassegroep, etniese groep of nasionaliteit behoort;

Wil u graag 'n storie deel om hierdie ervaring te illustreer?

Wat moet gedoen word sodat ons land rassisme in die werkplek kan aanspreek?

TEMA 5: ERVARING VAN RASSISME BINNE DIE KERK

Deur van sommige of al die onderstaande vrae gebruik te maak, nooi ons u uit om u stories met ander te deel:

Wat is u ervaring in u parogie en bisdom met betrekking tot die volgende:

- Vooroordeel teen mense wat aan 'n spesifieke rassegroep, etniese groep of nasionaliteit behoort;
- Optrede teenoor mense wat as buitestaanders aan 'n spesifieke rassegroep, etniese groep of nasionaliteit behoort;
- Voorregte en geleenthede wat slegs aan mense van 'n spesifieke rassegroep, etniese groep of nasionaliteit beskikbaar gestel word.
- Konstante geskinder en negatiewe stereotipering van mense wat aan 'n spesifieke rassegroep, etniese groep of nasionaliteit behoort.

Wil u graag 'n storie deel om hierdie ervaring te illustreer?

Wat kan gedoen word om positiewe ervarings te versterk? Wat moet gedoen word om negatiewe ervarings reg te stel?

Wat moet ons in ons bisdom/parogie doen sodat ons 'n geloofsgemeenskap kan opbou waar "*daar nie meer Jood of Griek, slaaf of vryman, man of vrou nie.*" *(Galasiërs 3: 28)"*

TEMA 6: ERVARING VAN RASSISME OP SKOOL/UNIVERSITEITE

Deur van sommige of al die onderstaande vrae gebruik te maak, nooi ons u uit om u stories met ander te deel:

Wat is u ervaring by u skool of universiteit met betrekking tot die volgende:

- Rassevooroordeel
- Negatiewe stereotipering van mense wat aan 'n spesifieke rassegroep, etniese groep of nasionaliteit behoort.
- Rassistiese aanmerkings, rassistiese grappies, rassistiese kommentaar (openlik en bedek).
- Optrede teenoor mense wat as buitestaanders aan 'n spesifieke rassegroep, etniese groep of nasionaliteit behoort;

Wil u graag 'n storie deel om hierdie ervaring te illustreer?

Wat moet gedoen word sodat ons land rassisme in die skole en universiteite kan aanspreek?

"Mag die Here van Vrede self, ons nasie die vrede, genesing en versoening gee waarna ons smag. (cf. 2 Thess. 3.16)" (SAKBK Pastorale Brief oor rassisme).

"Ons besef dat hierdie nie 'n maklike gesprek is nie, baie mense sou verkies om dit te vermy. Selfs ons uitnodiging tot so 'n dialoog kan dalk 'n hele reeks gevoelens oproep, insluitende dié van self-regverdiging en eiegeregtigheid; of, skuld en ontkenning; of aan die ander kant, gevoelens van woede en verdriet. Dialoog wat rasioneel en respekvol is, is egter noodsaaklik sodat ons onsself oop kan maak om God se genesing te ontvang." (SAKBK Pastorale brief oor rassisme)

©AFRIKAANSE VERTALING DEUR DIE AFRIKAANSE TAALPASTORALE STREEK VAN DIE SUIDER-AFRIKAANSE KATOLIEKE BISKOPPE KONFERENSIE